# INHOUDSOPGAWE

**Voorwoord** 6

**Eerste liefde** – *Sisca Julius* 7

**Ben en Luka** – *Elizabeth Wasserman* 15

**Skade roer snare** – *Vincent Oliphant* 25

**Lucy en haar rondomtalie-dag** – *Allison Matroos* 36

**Ouma se trippie** – *Derick van der Walt* 45

**Die wilde katte van Karongo** – *Elrien Scheepers* 53

**Die verlore planeet** – *Troula Goosen* 65

**Lucky Fish** – *Zelda Bezuidenhout* 76

**Kosbare juwele** – *Danneline Ramsden* 85

**Spek en Spook** – *Marita van Aswegen* 93

**Van tyd tot tyd** – *Jan van Tonder* 101

**Die plan** – *S.P. Benjamin* 112

**Pale toe** – *Jan Vermeulen* 121

**Bokkie Mariens** – *Diana Ferrus* 133

**Verlief op ’n eiland** – *Carina Stander* 140

**Skoene sonder ’n pa** – *Julian Jansen* 148

**Ter wille van my dreads** – *Willem Fransman Jr* 158

**Ôs pyn is oek important** – *Jeremy Vearey* 167

**Leë blikkies vol liefde** – *EKM Dido* 176

**Vir die onderwyser** 184

# Voorwoord

Wat ’n wonderlike voorreg om ’n lekkerlees kortverhaalbundel saam te stel. Opvoeders sê gereeld dat leerders nie genoeg lees nie, of dat hulle nie altyd verstaan wat hulle lees nie, maar ek glo kinders lees vandag bietjie anders. En daarom moet opvoeders lees anders benader.

Die stories in hierdie bundel spreek tot jong lesers op verskeie maniere: Aktuele temas word aangespreek, daar is interessante karakters en wonderlike wêrelde wat leerders kan verken. Al hierdie bestanddele maak van *Leë blikkies vol liefde* iets baie besonders. Ek is seker dat leerders en opvoeders wat hierdie bundel lees sommer lekker in die stories sal “inklim”.

Dit is my groot droom dat elke leerder in ons land die geleentheid sal kry om op ’n vriendelike wyse met Afrikaans om te gaan, sonder vrees of angs dat hulle nie sal verstaan wat hulle lees nie. Die outeurs in hierdie bundel het die stories so toeganklik as moontlik geskryf. Leerders vir wie Afrikaans ’n tweede of selfs derde taal is, gaan heerlik lees aan hierdie stories terwyl hulle Afrikaanse taal- en leesvaardighede geoefen en verbeter word.

Die titel van die bundel word met waardering geneem uit die verhaal van EKM Dido oor Marius, wat in Sarepta se strate skarrel om blikkies bymekaar te maak vir kosgeld vir hulle gesin. Dit is voorwaar so dat liefde in soveel leë spasies gebring kan word deur stories soos hierdie.

Groot dank aan almal wat bygedra het dat hierdie boek genot, waardering, ontwikkeling van vaardighede en, hopelik, ’n liefde vir ’n addisionele taal, aan lesers mag bring.

Fiona van Kerwel

# Lucky Fish

*Zelda Bezuidenhout*

## Die skrywer



Zelda Bezuidenhout is 'n skrywer van jeugromans, volwasse fiksie, radiodramas, kortverhale en rubrieke. In 2017 was sy die naaswenner in Lapa se jeugromankompetisie met haar boek *As mens geluk kon proe*. Sedertdien het sy die jeugromans *Die ses weke van Thomas en Ella* en *Toe ons oneindig* was geskryf. In 2022 het *Anderkant die blou* die lig gesien - 'n roman vir tieners wat sukkel om te lees.

Zelda woon in Parys, Vrystaat, saam met haar man Izak. Sy is baie lief vir lees, stap, Netflix en vlaskywe. Ongelukkig is sy liewer vir vlaskywe as vir stap.

## Pre-lees

Bespreek die volgende:

1. Het jy al vir iemand 'n lucky fish genoem? Is jy dalk al so genoem? Wat was die omstandighede?
2. Wat dink jy van die eerste sin in die verhaal?

## Opsomming

Brendon Ackeer weet waarvan hy hou en nié hou nie. Hy hou nie van die drie k's nie: koeldrank (pers), komplimente en katte. Pers koel-

drank smaak nie soos druiwe nie, komplimente is dikwels vals, en katte laat hom nies. Hy wil ook niks weet van die liefde nie. Dit irriteer hom toe juffrou Nel in die klas sê dis lente en daar is liefde in die lug. Maar dan sit hy na skool op ’n winkelstoep saam met ’n mooi meisie wat Grape-koeldrank drink, hom komplimenteer én vir ’n straatkat melk gee . . .

---

## Lucky Fish

*Zelda Bezuidenhout*

Brendon Ackeer glo nie aan liefde nie.

Ook nie aan pers koeldrank, komplimente of katte nie.

Pers koeldrank smaak nié soos druiwe nie. Dit smaak nie eens soos ’n *prentjie* van druiwe nie. Hoe kan hulle dit “Grape” noem?

Komplimente? Ha! Brendon sien dit so: As iemand vir jou iets moois sê, kom dit amper altyd met ’n stertjie*. Hulle wil eintlik iets van jou hê. En dis nie altyd iets wat jy wil gee nie.

Nou kom ons by katte. Katte gee hom die horriepiep*. Want die swart skrefie* van katte se oë kyk mos deur ’n mens en sien jou donker siel raak. Asof al hierdie ongemak* nie genoeg is nie, laat katte hom boonop* vreeslik nies. En dis die grootste teken dat hy katte liewer moet uitlos.

Dat Brendon ook nie aan liefde glo nie, is maklik om te verduidelik. Hoe glo ’n mens aan iets wat jy nog nooit regtig gesien of gevoel het nie? Brendon se ma en pa is kamma* lief vir mekaar. Maar elke dag brom sy pa net as sy ma vir hom sy bord kos neersit. Brendon sien nooit dat sy ma vir sy pa glimlag nie. Of dat sy pa vir sy ma ’n soen op haar wang gee nie. Nee wat, die twee doen hulle bes om mekaar mis te kyk. Brendon dink liefde is iets wat in flieks en storieboeke gebeur. En almal weet flieks en storieboeke het min met feite te doen.

Vandag was Lentedag by Brendon se skool. Almal het civvies gedra. Hy het die hele dag lank genies van al die blomme in die meisies se hare. September is regtig nie sy beste maand nie. In die Afrikaansklas het juffrou Nel vertel hoe die liefde ook blom as dit lente is. Die weer tas almal se harte aan*, het sy gesê. Wel, nie syne nie, dink Brendon terwyl hy huis toe stap na skool. Hy skop na ’n

klip wat in die pad lê. Dalk is sy hart ook van klip.

Op die hoek waar ’n mens afdraai na Brendon-hulle se straat, sit die Lucky Fish-kafee. Brendon voel in sy broeksak en haal ’n paar rand uit. Daar is genoeg geld vir ’n pakkie kaaskrulle en twee toffies. Dit sal hom moed gee vir die middag se klomp huiswerk. Hy stap by die kafee in, kies sy eetgoed en wag by die betaalplek. Voor hom staan ’n meisie wat hy al skoolpouses in die grasvierkant* sien sit het. Hy dink sy is in graad agt . . . Hy herken haar poniestert, ook daardie mooi, lang bene wat onder haar kort denimrompie uitsteek. Hy skud sy kop asof hy vir homself wil sê: “Ruk jou reg, Brendon Ackeer!” Met die kopskud laat val hy een van die toffies. Sy draai om.

“Hei,” sê sy. “Jy is mos in graad nege?”

Brendon voel hoe sy gesig warm word. Hy sê niks nie. Hy buk net af om die toffie op te tel.

“Jy is seker nie baie lief vir jou tande nie,” sê sy en lag. “Daardie toffies is g’n tand se tjommie* nie.”

Simpel meisiekind, dink Brendon. Wat het sy tande met haar uit te waai*? Noudat sy omgedraai het en na hom kyk, kan hy sien wat voor haar op die toonbank staan. Dis ’n halfliter melk en . . . sowaar ’n blikkie pers koeldrank. Gmf. Asof dít nou so vreeslik “tandvriendelik”* is. Hy sê nog steeds nie ’n woord nie. Nie omdat hy nie wil nie. Omdat hy nie kán nie. Sy hart klop in sy keel. In plaas van praat, probeer hy maar liewer glimlag.

“Anyway,” sê die meisie, “dit lyk nie asof toffies jou tande lelik maak nie. Jy het ’n baie cool glimlag.”

Jip, daar is dit nou, dink Brendon. Die kompliment. Vir hierdie meisie moet hy baie versigtig* wees. Eers die pers koeldrank, toe die kompliment. Sy is moeilikheid met ’n hoofletter M.

“My naam is Caz,” sê sy toe sy omdraai.

“B-brendon,” is al wat hy uitkry voordat sy wegstap.

Brendon skeur sy pakkie kaaskrulle sommer so in die uitstap oop. Hy het skaars ’n handvol daarvan in sy mond gestop, toe hy vir Caz sien. Sy sit op die trappie van die kafee se stoep en koeldrank drink. Haar rompie het opgeskuif en laat haar bene nóg langer lyk. Flippit, dink hy, kan sy nie net lóóp nie?

"Help my gou," sê sy vir hom. "Hier is 'n rondloperkat* wat agter die kafee bly. 'n Mamma-kat met sewe kleintjies! Ek kom gee elke middag na skool vir haar 'n bietjie melk."

En daar is nommer drie, dink Brendon. 'n Kat. Of *katte*, in hierdie geval. Dis nog 'n teken dat hy van hierdie meisie moet wegbly. Toe gee sy vir Brendon die bottel melk aan.

"Dè," sê sy, "gooi solank van die melk in die plastiekbakkie. Ek gaan roep gou die mamma-kat."

Brendon staan net daar. Nog nooit in sy lewe het 'n meisie vir hom gevra om iets vir haar te doen nie. Dan draai hy die melkbottel se prop oop en hurk* voor die plastiekbakkie.

Ek hoop nie iemand sien my nie, dink hy terwyl hy 'n bietjie melk in die bakkie gooi. Dis nou al wat hy nodig het. Dat een van die ouens by die skool hom sien en hom begin spot omdat hy vir katjies melk gee. Hulle sal hom sommer Catman of iets begin noem.

"Kssss-ksss," hoor hy toe hy opstaan. Caz kom aangestap met 'n maer kat wat agternadraf.

"Dis nou Lady," sê sy. "Lady, ontmoet vir Brendon."

Die kat miaau en val omtrent die bakkie melk aan. Caz gaan sit op die trappie langs Lady. Sy neem nog 'n sluk van haar koeldrank. Toe sy met Brendon praat, sien hy haar tong is pers.

"So, bly jy hier naby?" vra sy.

Brendon gaan sit maar langs haar op die trap. Dit voel snaaks om te staan terwyl sy sit. Hy het nog die bottel melk in sy een hand.

"Net om die hoek," sê hy. "En jy?"

"Daar in die blou woonstelle. Ons mag nie troeteldiere* daar aanhou nie," sê Caz.

"Ek is eintlik allergies vir katte," sê Brendon. Hy is 'n bietjie verbaas dat hy ewe skielik 'n paar woorde gevind het.

"No ways," sê Caz en haar mond val oop. "Dit lyk nie so nie." Met elke sluk wat sy vat, is haar tong perser. Boonop het die blikkie 'n ligpers halfmaan aan weerskante* van haar mond gevorm.

Brendon wonder waarom sy neus nie jeuk nie. Teen dié tyd nies hy gewoonlik vir die eerstespan wanneer daar 'n kat naby hom is.

"Jy kan maar nog melk vir haar ingooi," sê Caz en wys na die leë bakkie op die grond. Lady gee 'n lekker lang miaau. Sy wag vir nog

melk. Terwyl Brendon dit ingooi, loer hy skelm na die meisie langs hom. Caz het die mooiste bruin oë wat hy nog ooit gesien het. Wanneer sy ’n sluk uit die blikkie neem, maak sy haar oë toe. Hy skrik toe sy haar oë weer oopmaak en reguit na hom kyk. Sy glimlag.

“Waarna kyk jy?” vra sy.

Hy voel weer hoe sy gesig warm word.

“Na niks nie, man. Ek wonder maar net waar jou naam vandaan kom,” sê hy verleë*.

“Dis kort vir Cassandra,” sê Caz.

“Ek hou daarvan,” sê Brendon. Hy skrik. Vibe hy met haar?

Caz lag.

“My ma haat dit as mense my Caz noem. Sy sê dis ’n lui mens se naam. Maar ek hou daarvan.”

Brendon en Caz sit ’n rukkie in stilte. ’n Mens hoor net die sagte geluidjies* van Lady se geslurp. Toe sê Caz: “Hei, ek is elke middag na skool hier. Jy kan my enige tyd met Lady kom help. Ek bedoel, voor jy huiswerk begin doen.”

Haar twee mooi, bruin oë bly nou lank op hom. Hy voel hoe daar ’n glimlag oor sy gesig blom.

Toe Brendon Ackeer die draai na sy huis toe vat, besef hy ’n snaakse ding. Die glimlag sit nog steeds op sy gesig vas. Hy kyk nie meer na sy skoene nie. Hy skop ook nie meer na klippe in die pad nie.

Al waaraan hy kan dink, is hoe mooi die pers koeldrankmerke om Caz se mond gelyk het. Hoe oulik sy met Lady die kat was. Die mooi kompliment wat sy hom oor sy tande gegee het. Miskien glo hy tog aan pers koeldrank. Dalk is daar wel plek vir opregte* komplimente. En daar is darem katte wat hom nié die horriepiep gee nie. En die liefde? Sou juffrou Nel reg wees oor die lente? Dat dit mense se harte aantas*?

Al wat hy weet, is dat hy nie kan wag om môre na skool by die Lucky Fish uit te kom nie.

**Woorde en uitdrukkings**

| | | |
|---|---|---|
| stertjie | ulterior motive | iets meer bedoel as wat gesê word |
| gee hom die horriepiep | gives him the creeps | laat hom gril |
| skrefie | small slit | klein opening |
| ongemak | discomfort | gevoel dat dinge nie reg is nie |
| boonop | moreover/also | ook nog |
| kamma | ostensibly/not really | skynbaar/nie werklik nie |
| tas (harte) aan/ aantas | touches/affects | raak/affekteer |
| grasvierkant | grass (school) quad | grasperk in vorm van vierhoek met skoolgebou rondom |
| tjommie | chum/friend | maat |
| niks uit te waai hê met iemand | (not) somebody else's business | (niks) te doen hê met iemand (nie) |
| versigtig | careful | hard probeer om niks verkeerd te doen nie |
| tandvriendelik | teeth friendly | goed vir jou tande |
| woonstelle | block of flats | 'n gebou vol wooneenhede |
| troeteldiere | pets | huisdiere |
| weerskante | on both sides | aan albei kante |
| verleë | embarrassed/self-consciously/shyly | wanneer jy skaam voel oor iets |
| sagte geluidjies | soft, gentle sounds | klanke wat nie hard is nie |
| opregte | genuine | werklike, wat bedoel word |

## Terwyl jy lees

Maak notas van die volgende:

1. Lyk dit of Brendon se ma en pa lief is vir mekaar?
2. Watter effek het dit op Brendon se opinie van die liefde (maak jou eie afleidings)?
3. Wat sê juffrou Nel van September?
4. Waar bly die rondloperkat?
5. Wat doen Caz elke dag na skool?
6. Wat doen Brendon hierdie dag wat anders is?

## Post-lees

1. Noem 3 dinge waarin Brendon nie glo nie?
2. Hoe weet ons dat Brendon allergies is vir katte? Antwoord in 'n kort sin.
3. Wat het juffrou Nel van die liefde en lente gesê?
4. Hoe beïnvloed die verhouding tussen Brendon se ouers die manier hoe hy oor die liefde dink?
5. Beskryf die verhouding tussen Brendon se ouers in twee kort sinne?
6. Hoekom gee Caz vir Lady kos?
7. Die hoofkarakter is Brendon Ackeer, kom ons leer hom ken . . .
   - 7.1 Voltooi: Brendon is in graad ______________________________
   - 7.2 Hy woon om die hoek van die winkel/sportveld.
   - 7.3 Waar of onwaar: Hy het 'n mooi glimlag.
8. Waar of onwaar: Brendon ervaar spanning in die verhaal wanneer
   - 8.1 Hy dink aan die verhouding tussen sy ouers en dit hom ongemaklik maak
   - 8.2 Caz sê hy is seker nie baie lief vir sy tande nie
   - 8.3 Hy glimlag toe Caz hom nooi om elke middag na skool te kom help met Lady.
9. Hoekom dink jy kan hy nie wag om weer na die Lucky Fish te gaan nie?
10. Karakters groei en ontwikkel soos die leser meer dinge van hulle leer ken. Hoe het Brendon se karakter gegroei/ontwikkel vir jou as leser? Beantwoord in drie kort sinne (noem veral eienskappe wat jy leer ken het).
11. In die verhaal noem Brendon dat katte hom "laat nies vir die eerstespan". Dit beteken hy nies erg of vreeslik baie wanneer katte naby is. Kyk na die volgende uitdrukkings en kies die korrekte betekenis in kolom B vir elke uitdrukking in Kolom A.

| | Uitdrukking | Betekenis |
|---|---|---|
| 1. | As die kat weg is, is die muis baas | 'n swak kopie, jou laat verkul |

| | | |
|---|---|---|
| 2. | Die kat in die duiwehok gooi | absoluut geen kans op sukses nie |
| 3. | ’n Kat in die sak koop | streng, kwaai, hardvogtig |
| 4. | ’n Kat land/val altyd op sy pote | goeie mens |
| 5. | Nie ’n kat se kans nie | maklik jou gevoelens wys |
| 6. | Hart van klip | baie bang, versigtig wees |
| 7. | Hart van goud | as die baas weg is, is die werkers in beheer |
| 8. | Hart klop in jou keel | dapper wees |
| 9. | ’n Groot hart hê | jou altyd uit die moeilikheid kry |
| 10. | Jou hart op jou mou dra | dinge deurmekaar maak |

## Lees en soek

Lady Lucky Fish blou woonstelle pers miaau
Cassandra kaaskrulle Nel sewe Ackeer

Naam van die winkel: ______________________
Naam van die kat: ______________________
Kleur van die koeldrank: ______________________
Waar bly Caz? ______________________
Caz se regte naam: ______________________
Geluid wat kat maak: ______________________
Brendon koop toffies en: ______________________
Die Afrikaans-juffrou se van: ______________________
Hoeveel kleintjies het die kat? ______________________
Brendon se van: ______________________

## Luister en praat

**Voorbereide aanbieding**

Doen navorsing oor enige twee idiome waarvan jy hou, lees dit vir die klas en verduidelik die betekenis daarvan.

# Leeë blikkies vol liefde

*EKM Dido*

## Die skrywer



Elsie Katie Maria Dido is in 1951 op Tsomo in die Transkei gebore as die oudste dogter en die derde oudste van twaalf kinders. Haar moedertaal is Afrikaans, maar as kind leer sy ook Xhosa en Engels vlot praat. Die skooltjie in Tsomo bied klas net tot standerd vier (Graad 6). Ná standerd vier is sy na die sendingskool op Cofimvaba vir standerds vyf tot sewe en slaag dan standerd agt (Graad 10) aan die Rooms-Katolieke kosskool op Cradock. Hierna moet sy noodgedwonge die skool verlaat om te help met finansiële bystand vir die res van die familie. Sy kies verpleging as beroep en voltooi haar basiese opleiding en diploma in Kimberley. Daarna gaan sy in 1972 na Kaapstad, waar sy aanvullende diplomas in verloskunde, kraamversorging en psigiatrie behaal en per korrespondensie in 1983 ook haar matriek suksesvol aflê. Uiteindelik behaal sy ’n B.Cur.-graad in verpleegkunde deur die Universiteit van Suid-Afrika.

## Pre-lees

1. Bespreek die volgende: Hoe kan kinders hul ouers help om noodsaaklikhede vir die huis te kry/te koop?
2. Dink jy dit is nodig vir kinders om hul gesinne op verskillende maniere te help, of moet net ouers vir hul kinders sorg?
3. Dink oor die titel. Kan leeë blikkies liefde gee?

## Opsomming

Vandat sy pa in 'n motorongeluk dood is, help Marius Jantjies sy ma om vir die gesin te sorg. Maar Marius is ook 'n teiken vir die woonbuurt se boelie, Tenor. Sal hy sy ma kan help en ook 'n manier kan uitdink om Tenor en sy vriende te uitoorlê?

---

## Leë blikkies vol liefde

*EKM Dido*

"Dankie tog vir kragonderbrekings in Sarepta," prewel Marius Jantjies saggies en blaas 'n sug van verligting deur sy tande.

Dan skuifel hy nes 'n oue van dae* na die groot palmboom wat op 'n oop werf aan die boonste hoek van sy straat staan. Dig langs die boom gekom, woel-en-druk hy die bultende swart vullissak, wat sy sig na links belemmer, op sy skouer reg. Normaalweg sou hy nie die donkerte verwelkom nie. Maar vandag is dinge anders. Die inhoud van die sak is kosbaar. Nuuskierige agies* wil hy vanaand ten alle koste vermy.

Ampertjies by die huis, troos hy homself. Dan suig hy die laaste druppel uit sy waterbottel wat hy tydens die laaste periode by die skool volgemaak het, en druk die leë 500 ml-plastiekbottel in sy broeksak.

Hy is moeg. En honger. Baie honger, want vanoggend is hy deur leë koskaste en 'n yskas met 'n liter water daarin begroet. Sy rug wil breek. Sy skouers brand en voel nerfaf* as gevolg van sy skoolsak en die weelde* wat op sy skouer balanseer. Sy regter-groottoon klop dat hy dit nie kan hou nie. Sy eie skuld. Wou homself mos tydens oefenperiode rammetjie-uitnek* hou en het die doelpaal kaalvoet raak geskop pleks daarvan om die maklike drie te druk.

Die seer toon irriteer hom. Dat hy juis op 'n Vrydag van alle dae so onnosel kon wees! Sy toon gaan sy werk oor die naweek affekteer. Vrydagmiddae en Saterdae is sy besigste dae van die week. Skarrel* verg ratsheid* en 'n skerp oog.

Hy maak van die rustydjie gebruik om die donkerte in te tuur. En om te luister. Nes elke Vrydagaand is sy woonbuurt jolig en woelig*.

Doef-doef-doef pols musiek vanuit alle oorde. Bekende geluide, maar altyd ’n bietjie harder op ’n Vrydag- en Saterdagaand. Stemme van laggende kinders is af en toe hoorbaar. Blaffende honde kompeteer met die volume van die musiek. Ja-nee, alles is wel in Sarepta, dink hy glimlaggend.

Dan betig hy homself saggies. “Roer jou litte*, Marius. Jou gesloer gaan niks in Ma en Jolene se kele kry nie.” Met dit gesê, sukkel hy hinkepink* huiswaarts.

Hy het skaars ’n tree van die palmboom af weggestaan, of hy versteen. Binne ’n oogknip skuifel hy om die bas van die palmboom totdat hy na die werf kyk en nie aan die sypaadjie se kant staan nie. Dankie tog vir die kragonderbrekings, dink hy met opgehoue asem en maak homself klein teen die bas.

“Ou Marius móét iewers hier rond wees, want hy’s nie by die ander plekke nie,” hoor hy ’n bekende stem. Dis Tenor, die woonbuurt se boelie. Nes Marius is hy en sy maats ook in graad agt, maar gelukkig in ’n ander skool. “Iemand het hom in Voortrekkerweg gesien. Hy’t glo va’middag lekker geskarrel en dra ’n helse groot vrag. Ek wil dit hê!”

Marius se bors begin te brand en hy blaas sy asem geluidloos met rukke uit. Hy kan sy hart in sy keel en ore voel klop. Sy vingers kramp om die sak. Maar hy durf geen beweging maak nie. Dit klink asof die boelie en sy ouens op die sypaadjie oorkant die palmboom staan. Een plan na die ander spoed deur sy kop. Hy kies die een wat reeds daar was: kom wat wil, hy gee niks af nie. Bloedneus en blouoog of te not. Sy ma kan later sy bas aftrek omdat hy in ’n bakleiery betrokke was.

“Kyk, ou Tenor,” kom dit van een van die ouens. “Ek’t Marius lankal deurgekyk. Hy’s nie vaak nie.”

“Ons kan hom mos lekker daar op die sypaadjie voor sy huis loop sit en inwag,” is ’n ander een se mening.

“Ek soek daai sak met ’n seer hart, ouens!” dring Tenor aan. Hy klink die joos in. “Maar ons sal hom daar by die onderste hoek van die straat sit en inwag. As ons hom kry, hou julle hom besig terwyl ek hom van al sy laste verlos. Oukei?”

Die stemme vervaag. Marius se verligting is so groot dat hy duiselig* voel.

Na ’n minuut of wat beweeg sy voete weer. Maar hy verander van rigting en hinkepink terug na die straat wat hy verbygesteek het. Daar maak hy dit tot by die huis wat aan sy ouerhuis se agterwerf grens. Op die bure se erf gekom, skuif hy voetjie vir voetjie al teen die grensmuur langs.

Om oor die hoë grensmuur te kom, is ’n gesukkel van ’n ander aard. Dis toé dat hy regtig besef hoe belangrik selfs ’n groottoon is.

Eens in die kombuis laat sak hy die swartsak en wikkel sy rugsak van sy skouers af en maak dit langs die kombuistafel staan. Dan skuif hy die blaker* met die flikkerende kers verder weg van die rant af.

“Jy’s laat,” sê sy sewejarige sussie nors en lek weer aan die mes in haar hand. In die ander hand hou sy ’n oop botteltjie grondboontjiebotter*.

“Sit neer daai mes en vat ’n lepel, Jolene,” maan hy sagkens. “Ma, ek’s terug!” roep hy harder.

“Ek’s honger en daar’s nie ’n krummeltjie brood of iets nie,” kap Jolene terug, maar gaan sit tog die mes in die opwasbak. “Ma kreun heeldag en vryf haar rug, maar sy bly sit by daai naaimasjien. Seker omdat Boeta Allie se winkel môre die gordyne wil hê.” Sy haal ’n teelepel uit ’n laai en takel weer die botteltjie. “Hy betaal mos darem altyd op die daad as Ma goed vir hom gee. Ma het gesê dat ons ons lyfbande seblief tot môreoggend toe moet styftrek. SASSA-gelde kom eers oor twee weke. Wat’s in die sak?”

“Husse met lang ore,” antwoord Marius en woel haar hare deurmekaar. Dan roep hy: “Ma, ek is terug! Ons is in die kombuis.” Hy maak die swart sak oop en pak van die inhoud op die kombuistafel.

Jolene se oë rek en sy skree opgewonde: “Ma! Kom kyk!”

Marta kom stadig die kombuis binne. Beide hande rus op haar lae rug. “Jy’s laat, Marius. En dit?” vra sy en sak met ’n sug in ’n stoel.

Marius piksoen haar oudergewoonte* op die wang. Die donker kringe onder haar oë ontgaan hom nie. Sy lyk en klink moeg. Hy wens hy kon weer die sprankel sien wat voor die ongeluk daar was. Dit voel vir hom asof haar vuur verlede jaar geblus is toe hul pa in daardie motorongeluk die ewigheid in is. “Jammer ek’s laat, Ma. Ek het ’n paar keer vasgedraai.” Sy hand glip in sy sak en kom met geldnote te voorskyn. Hy druk dit in haar hand.

“En dit?” vra sy fronsend.

Marius lag. "Aai, Ma vra elke week dieselfde vraag, nè?" Pa sou nou gesê het –"

". . . dis om ons aan die gang te hou*!" onderbreek Jolene. "Kan ek solank die kos uitpak? Ek gaan dood van die honger."

Marta knik haar kop, maar haar blik bly op haar oudste wat so hard probeer om sy pa se skoene te vul. Hy doen goed. Maar sy wil so graag dat hy sy tienerjare sorgloos* moet geniet.

Marius staan regopper langs die tafel en verduidelik. Dit is vir hom moeilik om die gevoel van trots te onderdruk. "Ek het seshonderd rand vir die week se platgedrukte blikkies gekry, Ma. Die kos," hy beduie met sy kop na die inkopiesakke wat Jolene onder hande het, "was 'n honderd-en-sestig rand. Ek sal môreggend vir Ma krag gaan koop, want ek't nie geweet hoeveel s'n Ma wil hê nie. Sorrie, Jolene. Die vyfrand-bruinbrood was al uitverkoop en ek moes maar die wit van agt rand vat."

"Baie dankie, my kind," sê sy ma met 'n bewerige stem. "Maar ek verstaan nie mooi nie. Jy's dan vanmôre met 'n halwe sak blikkies hier weg op pad skool toe?"

"Hy't mos al vir Ma gesê –" gooi Jolene 'n stuiwer in die armbeurs*.

"Dat daar 'n klomp tannies en ooms in Soneike is wat vir my die blikkies hou," knip hy sy suster kort. "Hulle weet dat ek dit eers Vrydae na skool kan gaan kollekteer. Een van die tannies het daardie sak vol klere en skoene gegee. Dis te klein vir haar dogter. Jolene, kyk wat jy wil vat."

"Oukei," antwoord Jolene en steek haar voet in 'n peperduur tekkie. Dit pas perfek. Na 'n gil en handeklap spring sy na die swartsak en vra: "Hoekom het jy dan nie hierdie blikkies ook verkoop nie?"

"Dis die blikkies wat ek op pad huis toe opgetel het," antwoord hy geduldig. "Ek gaan gou my hande was en vir ons toebroodjies maak."

"Haai, ek sou nooit kon droom dat leë blikkies kos op die tafel en geld in die hand kan bring wanneer dit die broodnodigste is nie." Sy klink heel aangedaan.

"Dis nie sommer net leë blikkies nie, Ma. Dit is leë blikkies vol liefde," sê hy sag.

**Woorde en uitdrukkings**

| | | |
|---|---|---|
| kragonderbreking | power failure | geen elektrisiteit nie |
| prewel | mutter | fluister |
| skuifel nes 'n oue van dae | shuffles like an old person | beweeg voetjie vir voetjie soos 'n oumens |
| nuuskierige agies | nosy parkers/ people | mense wat graag meer van ander wil weet |
| nerfaf | scuffed | knieë, skoene is nerfaf geval / stukkend |
| weelde | luxury | iets wat baie werd is |
| rammetjie-uitnek | a show-off | 'n windmakerige persoon of 'n grootprater |
| skarrel | scramble | om op allerhande maniere geld of kos bymekaar te probeer maak |
| ratsheid | fleetness | wanneer iemand vinnig kan beweeg |
| woelig | busy/bustling | baie besig |
| roer jou litte | hurry-up | beweeg vinniger |
| hinkepink | to hobble/limp | mank/kruppel loop |
| hy's nie vaak nie | not stupid | om nie dom te wees nie, oplettend wees |
| soek met 'n seer hart | looking desperately | om baie ernstig na iets te soek |
| die joos in | very angry / furious | baie kwaad wees |
| duiselig | dizzy | dronk in die kop, lighoofdig |
| blaker | candlestick | houer vir 'n kers |
| husse met lang ore | something you don't need to know | iets wat jy nie hoef te weet nie |
| piksoen | peck (kiss) | 'n klein soentjie gee |
| oudergewoonte | as usual | soos gewoonlik |
| aan die gang hou | to keep (something or someone) going | om iets te laat aanhou, iemand aan die lewe te hou |
| sorgloos | carefree | sonder probleme |

**Geluide**

| | | |
|---|---|---|
| doef-doef | thud-thud/loud thumping | musiek met harde basklanke wat herhaal word |
| blaffende hond | barking dog | hond wat geraas maak |
| laggende kinders | laughing children | kinders wat speel en lekker lag |

## Terwyl jy lees

Bespreek die geluide en uitdrukkings soos dit in die verhaal voorkom (kyk ook na die woordverklarings). Hoekom dink jy gebruik die skrywer hierdie uitdrukkings en geluide?

## Post-lees

1. Hoekom was Marius so dankbaar vir die kragonderbreking?
2. Wat dink jy bedoel Tenor as hy sê: "Ek wil dit hê!"
   - 2.1 Wat is dit wat hy wil hê?
   - 2.2 Hoe dink jy gaan hy dit kry?
   - 2.3 Hoekom wil hy dit so graag hê?
   - 2.4 Wat dink jy bedoel Tenor daarmee dat hy Marius van sy *laste* sal verlos?
3. Het Tenor die sak by Marius afgevat? Verduidelik jou antwoord.
4. Wat was alles in Marius se sak, en wat het hy alles huis toe gebring?
5. Watter tipe werk doen sy ma?
6. Hoekom dink jy het die sprankel in sy ma se oë verdwyn?
7. "Aai, Ma vra elke week dieselfde vraag," sê Marius nadat hy die geld in haar hande gedruk het. Wat kan ons hieruit aflei? Kies die gepaste antwoord:
   - 7.1 Sy ma hou daarvan om elke week vasvra te speel.
   - 7.2 Sy ma is elke week bang om te hoor waar die geld vandaan kom.
8. Wat doen Marius om ekstra geld te verdien en waarom dink jy doen hy dit?
9. Hoekom sê hy daar is "weelde" op sy skouers?
10. Kan 'n mens se groottoon "klop"? Hoekom dink jy sê Marius dat sy groottoon klop?
11. Marius kom laat by die huis aan en sê vir sy ma dat hy 'n paar keer "vasgedraai" het. Wat dink jy bedoel hy hiermee?
12. "Sit neer daai mes en vat 'n lepel, Jolene." Waarom waarsku Marius sy suster terwyl sy die grondboontjiebotter eet?

## Lees en soek

Plaas die gebeure in die korrekte volgorde soos dit in die verhaal voorkom.

| Gebeurtenis | Volgorde (nr. 1 tot 4) |
|---|---|
| Marius skop die doelpaal kaalvoet raak. | |
| Marius sit die swartsak in die kombuis neer. | |
| Marta kyk na haar seun wat sy pa se skoene wil volstaan. | |
| Jolene steek haar voet in 'n peperduur tekkie. | |

## Skryf en aanbied

Die seun in die verhaal verdien ekstra geld deur leë blikkies bymekaar te maak en in te gee vir geld. Dit staan bekend as herwinning. Skryf 'n toespraak oor herwinning. Noem ook maniere om ekstra geld te verdien deur herwinning. Jou toespraak moet twee kort paragrawe (50-60 woorde elk) wees en jy kan dit ook gebruik as voorbereide mondeling.

## Luister en praat

**Lewer 'n toespraak (voorbereide mondeling)**
Skryf 'n toespraak oor herwinning: wat dit is, hoe mense dit doen en waarom dit belangrik is. Dink aan die moontlike gevare daarvan en noem ook maniere om ekstra geld deur herwinning te verdien.

Die skoolhoof vra jou om jou toespraak te lewer aan 'n groep graad 6-leerders. Jou toespraak moet 100 tot 120 woorde lank wees en jy mag nie langer as 3 minute praat nie.

# VIR DIE ONDERWYSER

## Maak ’n kopkaart

Lei leerders om ’n kopkaart/breinkaart van die kortverhaal te maak aan die hand van die elemente en vrae in die onderstaande tabel. Die vrae kan ook vir formele of informele assessering gebruik word, en tydens lees of post-lees behandel word. Met pre-lees kan die titel, opsomming en skrywer se biografie gebruik word om voorspellings en ander afleidings te maak.

| Element | Beskrywing/verduideliking |
|---|---|
| **Titel** | Wat kan ons aflei van die titel?<br>Is hier woordspeling betrokke?<br>Woordspeling (*pun*): ’n Woord word so gebruik dat dit meer as een betekenis kan hê. |
| **Skrywer** | Wie is dit? Lees die inligting oor die skrywer. Stel die skrywer in sekere temas belang?<br>Doen navorsing. |
| **Genre** | Watter tipe storie is dit? Byvoorbeeld:<br>Misdaad (*crime*)<br>Liefdesverhaal (*romance*)<br>Geskiedkundig/histories (*historic*)<br>Riller (*thriller, horror*)<br>Avontuur (*adventure*)<br>Wetenskapsfiksie (*science fiction*)<br>Fantasie (*fantasy*)<br>Inspirerend (*inspirational*)<br>Volksvertelling (*fable/folklore*)<br>Komedie (*comedy*) |

| | |
|---|---|
| **Tema/boodskap** | Waaroor gaan die verhaal? Byvoorbeeld:<br>Medelye, omgee (*empathy*, *caring*)<br>Moed, dapperheid (*courage*, *bravery*)<br>Dood en verlies (*death and loss*)<br>Eerlikheid (*honesty*)<br>Lojaliteit (*loyalty*)<br>Volharding (*perseverance*)<br>Familie is belangrik<br>Liefde (*love*)<br>Vriendskap (*friendship*)<br>Boeliery (*bullying*)<br>Verhoudings (*relationships*)<br>Vergifnis (*forgiveness*) |
| **Tyd**<br><br><br>**Ruimte (*setting*)**<br><br>**Stemming (*mood*)**<br>**Intrige (*plot*)**<br><br>**Konflik**<br><br>**Klimaks**<br><br>**Ontknoping (*denouement*)**<br><br>**Karakters** | Wanneer vind die gebeure plaas?<br>Watter tyd van dag/nag, watter tyd van die jaar/maand/week.<br>Waar vind die gebeure plaas?<br>Binnekant/buitekant / Plekke – plaas/dorp/stad.<br>Die atmosfeer in die verhaal, bv. spannend, hartseer, snaaks.<br>Die storielyn – die dinge wat gebeur en wat saam 'n storie vorm.<br>Uiterlike konflik – karakters baklei met mekaar – fisiek of mondeling.<br>Innerlike konflik – konflik/spanning binne die karakter self.<br>Die spanning in die verhaal bereik 'n hoogtepunt<br>Die deel van die verhaal na die klimaks. Die einde van die storie, waar die leser se vrae beantwoord word.<br>Hoofkarakter(s): die belangrikste karakter(s) in die verhaal.<br>Randkarakters: minder belangrike karakters. |
| **Karakterisering** | Hoe word die karakter uitgebeeld?<br>Hoe lyk hy? Wat dink hy? Wat doen hy? Hoe reageer hy? Ens. |
| **Verteller (*narrator*)** | Die persoon wat die storie vertel. Dit kan 'n eerstepersoonsverteller (ek) wees of 'n derdepersoonsverteller (hy/sy).<br>NB: Die derdepersoonsverteller is nie 'n karakter in die verhaal nie. Dit is ook nie die skrywer nie. |
| **Baie belangrik** | Vra die 5 W's: Wie, wat, waar, wanneer, waarom?<br>Maak 'n kort opsomming van die gebeure in die storie. |

**Stories: Getal woorde en aanbevole graad**

| Titel en outeur | Aantal woorde | Aanbevelings vir graad |
|---|---|---|
| Leë blikkies vol liefde deur EKM Dido | 1478 | 7/8/9 |
| Lucy en haar rondomtalie-dag deur Allison Matroos | 1307 | 7 |
| Bokkie Mariens deur Diana Ferrus | 816 | 7 / 8 |
| Eerste liefde deur Sisca Julius | 781 | 8 / 9 |
| Die plan deur S.P. Benjamin | 1534 | 7 |
| Ter wille van my dreads deur Willem Fransman Jr | 1370 | 7 |
| Lucky Fish deur Zelda Bezuidenhout | 1465 | 7 / 8 |
| Skade roer snare deur Vincent Oliphant | 1505 | 8 |
| Verlief op ’n eiland deur deur Carina Stander | 1448 | 8 |
| Van tyd tot tyd deur Jan van Tonder | 1423 | 8 |
| Spek en Spook deur Marita van Aswegen | 1455 | 8 |
| Ôs pyn is oek important deur Jeremy Vearey | 1143 | 8 |
| Kosbare juwele deur Danneline Ramsden | 1097 | 9 |
| Ouma se trippie deur Derick van der Walt | 1448 | 9 |
| Ben en Luka deur Elizabeth Wasserman | 1588 | 9 |
| Die wilde katte van Karongo deur Elrien Scheepers | 1992 | 9 |
| Pale toe deur Jan Vermeulen | 1670 | 9 |
| Die verlore planeet deur Troula Goosen | 1471 | 9 |
| Skoene sonder ’n pa deur Julian Jansen | 1426 | 9 |

**Leesstrategieë voor, tydens en na lees van die kortverhaal**

| **Leesfase: Meestal pre-lees** | | |
|---|---|---|
| **Strategie** | **Leesfase** | **Aktiwiteit** |
| Aktiveer voorkennis – agtergrond en kulturele kennis | Pre-lees | Bepaal vlak van leerders se kennis. Vra vrae oor die onderwerp/tema. |
| Maak voorspellings en afleidings | Pre-lees | Moedig leerders aan om te voorspel wat dalk sal gebeur – vluglees/skandering; lees vlugtig deur die storie en probeer hoofpunte onthou. |

| | | |
|---|---|---|
| Identifiseer tipe teks en funksie | Pre-lees | Kortverhaal – wat is die doel van kortverhale? Gesels ook oor die letterkundige terme. |
| Wat is die doel van die leesopdrag? | Pre-lees | Begriplees – ek moet verstaan; soeklees – soek op; vluglees – om vinnige idee/begrip te rkry. |
| Gee betekenis aan woorde/konteks – naslaanwerk | Pre-lees<br>Tydens lees<br>Post-lees | Identifiseer vreemde woorde en verduidelik dit aan leerders. Neem ook leerders se voorkennis en konteks in ag. |
| Trek verbande | Pre-lees<br>Tydens lees<br>Post-lees | Die titel van die verhaal kan sekere assosiasies oproep by leerders. Leerders kan ook met sekere gebeure in die teks identifiseer, gesels hieroor. |
| **Leesfase: Meestal tydens lees** | | |
| **Strategie** | **Leesfase** | **Aktiwiteit** |
| Visualisering | Tydens lees | Oproep van prentjies soos leerders lees – wat sien jy in jou gedagtes? |
| Hou tred met verloop van storie | Tydens lees | Wat gebeur in die verhaal? Is daar spanning, 'n klimaks, 'n ontknoping? Hoe ontwikkel die karakters? Bespreek deurgaans met die leerders. |
| Vra vrae | Tydens lees | Vra gedurig vrae in jou gedagtes terwyl jy lees. |
| Herlees | Tydens lees | Herlees en maak seker, veral met moeilike dele in die storie. |
| Reflekteer | Tydens lees | Vra vrae en bespreek, moedig leerders aan om te dink oor bepaalde gedeeltes van die verhaal. |
| Vergelyk met voorspellings | Tydens lees | Hoe vergelyk jou voorspelling met wat in die verhaal gebeur? |
| Wat is die hoofgedagte/tema van 'n bepaalde deel? | Tydens lees<br>Post-lees | Watter boodskap probeer die skrywer oordra? |
| **Leesfase: Meestal post-lees** | | |
| Maak afleidings | Post-lees | Maak logiese gevolgtrekkings uit teks. Leerders behoort in staat te wees om eenvoudige en ook moeiliker vrae oor die teks te kan beantwoord. |
| Maak opsommings | Post-lees | Leerders moet in staat wees om betekenis te konstrueer. |

| | | |
|---|---|---|
| Wat is die hoofgedagte/tema van die verhaal? | Post-lees | Vra kritiese vrae en probeer gepaste afleidings maak. |
| Analiseer | Post-lees | Opbreek van inligting in verstaanbare dele – om begrip te vergemaklik. Leerders kan afleidings maak en die teks begryp deur krities daaroor te dink. |

**Wenke om leerders te help wat sukkel met lees**

1. Hersien die alfabetletters/alfabetname en hoe dit klink.
2. Maak seker die leerder ken die verskillende alfabetname en die uitspraak daarvan, ook hoe dit alleen en saam met ander letters gebruik kan word.
3. Gebruik die letters en vorm woorde daarmee – gebruik woorde in die storie vir hierdie oefening. Leerders kan self ook woorde bou met die letters, en kort sinne.
4. Doen die woordbou van maklike tot moeiliker woorde.
5. Sodra leerders woorde herken, help hulle om assosiasies (visualiseer ook) daarmee te maak. Gebruik veral hul eie leefwêreld as verwysingspunt.
6. Sou die nuwe woorde buite die leerder se leefwêreld val, kan oudiovisuele materiaal gebruik word om met begrip van nuwe of vreemde woorde te help.
7. Aangesien die leerders nie moedertaalsprekers is nie, moet jy aanvaar dat die uitspraak soms anders sal klink as moedertaalsprekers s'n.
8. Die herken en begrip van die woorde is soms belangriker as die korrekte uitspraak en aksentuering daarvan.
9. Leerders moet dink of hierdie woorde vir hulle bekend klink en of hulle dalk die betekenis daarvan verstaan.
10. Gebruik klein gedeeltes uit die stories vir hierdie leesoefeninge.

**Baie belangrik: Leerders moet geniet wat hulle doen!**

**Uiteensetting van KABV-gerigte opdragte**

| Titel en SKRYWER | SKRYF EN AANBIED | LEES EN SOEK | Luister en praat |
|---|---|---|---|
| Lucy en haar rondomtalie-dag deur Allison Matroos | Dagboek-inskrywing Bedanking | Chronologiese volgorde | Luister vir begrip ('n bedanking) |
| Skade roer snare deur Vincent Oliphant | Vriendskap-like brief | Woordbou | Luister vir begrip ('n liedjie) |
| Verlief op 'n eiland deur Carina Stander | E-pos Visuele teks: Collage | Kies korrekte antwoord | Voorbereide mondeling: Verduidelik 'n visuele teks |
| Kosbare juwele deur Danneline Ramsden | Plakkaat | Woordbou | Onvoorbereide mondeling: informele verslag |
| Ouma se trippie deur Derick van der Walt | Paragraaf | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: vertelling |
| Leë blikkies vol liefde deur EKM Dido | Toespraak | Chronologiese volgorde | Voorbereide mondeling: toespraak |
| Bokkie Mariens deur Diana Ferrus | Beskryf karakters | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: Verduidelik 'n visuele teks |
| Ben en Luka deur Elizabeth Wasserman | Opsomming | Kies korrekte antwoord | Onvoorbereide mondeling: informele verslag |
| Die wilde katte van Karongo deur Elrien Scheepers | Opstel/ Navorsing-stuk | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: eie mening |
| Van tyd tot tyd deur Jan van Tonder | Opsomming | Chronologiese volgorde | Onvoorbereide mondeling: eie mening |
| Pale toe deur Jan Vermeulen | Onderhoud | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: Rolspel |
| Eerste liefde deur Sisca Julius | Gedig | Navorsing: soeklees | Voorbereide leeswerk: Gedig |
| Die plan deur S.P. Benjamin | Advertensie | Chronologiese volgorde | Onvoorbereide mondeling: eie mening |
| Die verlore planeet deur Troula Goosen | 'n Plan | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: Aanwysings |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Spek en Spook deur Marita van Aswegen | Instruksies | Kies korrekte antwoord | Voorbereide mondeling: ’n Resep |
| Ter wille van my dreads deur Willem Fransman Jr | Radiodrama | Woordbou | Voorbereide mondeling: Rolspel |
| Lucky Fish deur Zelda Bezuidenhout | Idiome | Kies korrekte antwoord | Voorbereide mondeling: Idiome |
| Ôs pyn is oek important deur Jeremy Vearey | Paragraaf | Chronologiese volgorde | Voorbereide mondeling: Toespraak |
| Skoene sonder ’n pa deur Julian Jansen | ’n Plan | Navorsing: soeklees | Voorbereide mondeling: Onderhoud |